AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

BCom (Bestuursrekeningkunde)

NKR-vlak 7 | 370 krediete | SAQA ID: 94806

*Die **BCom-graad in Bestuursrekeningkunde** bemagtig die student om die beginsels van bestuursrekeningkunde te verstaan en om dié beginsels in die praktyk te verstaan. Hierdie kwalifikasie rus studente toe met kennis en vaardighede in beginsels en praktyk van bestuursrekeningkunde, finansiële bestuur, finansiële rekeningkunde, bedryfsetiek en ondernemingsbestuur.*

Toelatingsvereistes

- Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) gesertifiseer deur Umalusi wat graad-toelating soos volg spesifiseer:
- Minstens 40% in die onderrigtaal van Akademia
- Wiskunde – 50% en Rekeningkunde – 50% (Graad 12-skoolvlak)
- Minstens 50-59% in elk van vier erkende NSS 20-kredietvakke (waarvan een Engels of Afrikaans moet wees) uit die lys van aangewese hoëronderwys-toelatingsvakke behaal
- OF 'n vlak-4 beroepsgerigte Nasionale Sertifikaat (NS) gesertifiseer deur Umalusi met ten minste 60% in drie fundamentele vakke waarvan die onderrigtaal van die instansie een is
- EN ten minste 70% in die drie verpligte beroepsgerigte vakke uit die lys van aangewese vakke
- OF 'n Hoër Sertifikaat in 'n ekwivalente studieveld
- OF 'n Gevorderde Sertifikaat in 'n ekwivalente studieveld
- OF 'n Diploma in 'n ekwivalente studieveld

Kontaksessies

- Studente woon deur die loop van die jaar kontaksessies by die studiesentrum van hulle keuse by soos in die Belangrike Datums 2020-dokument vervat.
- Kontaksessies en e-leer-tutoriale is verpligtend.

Assessering

Formatiewe assessering

- Deurlopende assessering – 40% van finale punt
- Toetse en werkopdragte per module word gebruik in die berekening van die jaarpunt wat eksamentoelating bepaal.
- 'n Vereiste minimum jaarpunt moet behaal word vir eksamentoelating.

Summatiewe assessering

- Finale assessering – 60% van finale punt
- Summatiewe assessering sluit eksamen(s) in.

Voornemende studente wat nie aan die bogenoemde vereistes voldoen nie kan navraag doen oor alternatiewe toelatingsvereistes, insluitende ***Erkenning van vorige leer*** en ***Kredietakkumulasie en -oordrag***, om graadtoelating te bekom.

Vir meer inligting skakel ***0861 222 888*** of stuur 'n e-pos aan ***navrae@akademia.ac.za***

Programkoste

Studente kan vir 'n minimum van drie modules inskryf, waarvan een 'n hoofmodule moet wees. Krediete is die veronderstelde leerure wat benodig word om leeruitkomste te bemeester. Veronderstelde leerure sluit studietyd, assesserings en kontaksessies in. Vir elke krediet word tien studieure benodig.

Eerstejaarmodules	Kode	Krediete	Koste
Bestuursrekeningkunde 1*	GMA105	25	7690
Ekonomie 1	GAE105	20	5044
Elementêre Kwantitatiewe Metodes	GQM105	15	7441
Etiek, Korporatiewe Bestuur en Sakereg	GEG105	25	5044
Finansiële Bestuur 1	GFM150	15	5044
Finansiële Rekeningkunde 1*	GFA105	25	7690
		125	**R35 140**
Tweedejaarmodules			
Ouditkunde	GAD206	25	R7 441
Belasting 1	GET206	25	R7 441
Bestuursrekeningkunde 2*	GMA206	25	R7 690
Finansiële Rekeningkunde 2*	GFA206	25	R7 690
Ondernemingsbestuur 1	GEP206	25	R7 441
		125	**R37 703**
Derdejaarmodules			
Ondernemingsbestuur 2	GEP307	30	R8 888
Bestuursrekeningkunde 3*	GMA307	30	R9 958
Finansiële Bestuur 2	GFM307	30	R8 888
Finansiële Rekeningkunde 3*	GFA307	30	R9 958
		120	**R37 692**

Aansoekgelde

Nie terugbetaalbaar of ingesluit by programkoste nie.

Nuwe aansoeke (voornemende studente)	R250
Laat herregistrasie (huidige studente)	R500

Betaling van studiegeld

Daar is twee betalingsopsies:

- **Opsie 1:** Volle studiegelde betaal teen 31 Januarie 2020.
- **Opsie 2:** Na betaling van die registrasiefooi (R5 000) kan die student 'n afbetalingsooreenkoms met Akademia sluit, waarvolgens afbetaling van die oorblywende studiegelde (minus die registrasiefooi) van einde Februarie tot einde Junie onderskeidelik met een vyfde per maand vereffen moet word.

Rekeningbesonderhede

Bank	FNB
Rekeningnaam	Akademia
Rekeningtipe	Tjek
Rekeningnommer	62333881143
Tak	Centurion (261550)

Gebruik identiteits- of studentenommer as verwysing

Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005